

PROCLAMATION NOTICE 244 OF 2025

by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT AND SPECIAL TRIBUNAL: GREATER KOKSTAD LOCAL MUNICIPALITY

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as the "Act"), have been made in respect of the affairs of the Greater Kokstad Local Municipality, situated in the KwaZulu-Natal Province (hereinafter referred to as "the Municipality");

AND WHEREAS the Municipality may have suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Municipality, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Municipality;
- (b) improper or unlawful conduct by employees of the Municipality;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were

committed in connection with the affairs of the Municipality; or

(g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof, which took place between 1 January 2022 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2022 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Municipality or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this 23 day of December Two thousand and twenty four

President

By Order of the President-in-Cabinet:

Minister of the Cabinet

SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting for goods, works or services by or on behalf of the Municipality and payments made in respect thereof in a manner that was—
 - (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective; or
 - (b) contrary to applicable –
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury;
 - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Municipality;and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Municipality in relation to –
 - (aa) Bid number GKM 19-22/23, for the appointment of a service provider for the supply and renewal of software licences for a period of three years; and;
 - (bb) Bid number GKM 16-22/23, for the appointment of a service provider for the supply of a customer care and IT service desk solution for a period of three years.

2. Any irregular, unlawful or improper conduct by officials or employees of the Municipality, the relevant suppliers or service providers of the Municipality or any other person or entity, in relation to the allegations set out in paragraph 1 of this Schedule.

PROKLAMASIE KENNISGEWING 244 VAN 2025
van die
PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA

WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID EN SPESIALE TRIBUNAAL:
GROTER KOKSTAD PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as “die Wet”), gemaak is in verband met die aangeleentede van die Groter Kokstad Plaaslike Munisipaliteit (hierna na verwys as “die Munisipaliteit”);

EN AANGESIEN die Munisipaliteit verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleentede in die Bylae vermeld ten opsigte van die Munisipaliteit, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenhede ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleentede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenhede is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleentede van die Munisipaliteit;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers van die Munisipaliteit;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en

Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Munisipaliteit; of

- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2022 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2022 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Munisipaliteit of die Staat gely is uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die 23 dag van Desember Twee duisend-vier-en-twintig.

President

Op las van die President-in-Kabinet:

Minister van die Kabinet

BYLAE

1. Die verkryging van, of kontraktering vir, goedere, werke of dienste deur of namens die Munisipaliteit en betalings in verband daarmee gemaak op 'n wyse wat—
 - (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie; of
 - (b) strydig was met toepaslike—
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of betrokke Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Munisipaliteit van toepassing is;

en enige verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilte uitgawes wat deur die Munisipaliteit aangegaan is met betrekking tot—

 - (aa) Bod nommer GKM 19-22/23, vir die aanstelling van 'n diensverskaffer vir die voorsiening en hernuwing van sagteware lisensies vir 'n tydperk van drie jaar; en
 - (bb) Bod nommer GKM 16-22/23, vir die aanstelling van 'n diensverskaffer vir die voorsiening van 'n kliënte sorg en IT diens toonbank oplossing vir 'n tydperk van drie jaar.
2. Enige onreëlmatige, onbehoorlike of onwettige optrede deur werknemers of beamptes van die Munisipaliteit, die betrokke diensverskaffers van die Munisipaliteit of enige ander persoon of entiteit, ten opsigte van die bewerings uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae.